CORE
Metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
Provided by Koers (E-Journal)

## SOSIOLOGIESE ORIËNTERING

Hoe kan die sosiologiese eise van die moderne tyd deur die Calvinistiese filosofie en praktyk van die opvoeding benader word?

Die Fakulteit Opvoedkunde van die P.U. vir C.H.O. kon by hierdie geleentheid van die eeufeesviering van hierdie Inrigting seer sekerlik geen geskikter tema kies as dié waarop hulle keuse wel geval het nie. Daarvoor verdien hulle ons almal se waardering en gelukwensing. Want dit is beslis hoog tyd dat ons Afrikaanse opvoedkundiges en opvoeders byeenkom om 'n wyle rustig te besin oor die stand van ons eie opvoedingsteorie en praktyk. Hoe vergelyk teorie en praktyk met mekaar?

Wat nou eerstens die teorie betref, is dit nodig dat ons nugter en deeglik sal besin of die Calvinistiese opvoedingsfilosofie suiwer en heg gefundeer is op die Woord van God.

Om egter by hierdie geleentheid op hierdie vraag te antwoord, is nie my taak nie. My opdrag is om my te bepaal by die opvoedingspraktyk, en dan ook meer bepaald die opvoedingspraktyk uit 'n sosiologiese oogpunt te betrag en te evalueer. Daarby kom ek aanstonds.

Maar laat my tog toe om hier terloops en heel vlugtig te wys op 'n leemte, op 'n brakkol wat daar m.i. voorasnog in ons Calvinistiese opvoedingsfilosofie bestaan. En ek doen dit juis omdat hierdie leemte sonder enige twyfel regstreeks in oorsaaklike verband staan met sake wat ek weldra sal noem.

Hierdie leemte, hierdie brakkol het betrekking op die feit dat ons sowel in ons vakliteratuur as in ons voorlesings aan ons voornemende onderwysers nog grootliks in gebreke gebly het om die doel van die opvoeding volgens die Christelike siening tot sy volle konsekwensies deur te werk en te beklemtoon. Ek veralgemeen natuurlik nou hier, maar m.i. is dit tog in die algemeen waar dat ons juis hierdie uiters belangrike tema in die opvoedkunde nog altyd afgeskeep het in ons leergange. En is die rede hiervoor nie miskien dat ons ons nog altyd aan die neus laat lei het deur die idees van vreemde denkers uit vreemde ideologieë en opvoedingsfilosofieë nie?

Wat is, of wat behoort nou eintlik die hoofdoel van die opvoeding te wees? Let wel: ek praat van die hoofdoel. Is dit die ontwikkeling van die verstand, rede of intellek van die kind? Of is dit die ontwikkeling van sy karakter?

Wat nou uit die staanspoor duidelik is, is dat ons hier ge-

konfronteer word met 'n vraagstuk waarop jou antwoord deur en deur 'n waardestandpunt impliseer. Jou antwoord sal m.a.w. daarvan afhang waaraan jy die hoogste waarde toeken: aan verstand, of aan karakter.

Het dit u nou al opgeval dat die ganse sekulêre of nie-Christelike denke oor die opvoeding en onderwys die klem laat val op die verstandsontwikkeling van die kind? Al verskil wat daar wel in hierdie denkrigting bestaan, is dat die een opvoedkundige die heil van die mens in steeds meer en meer kennis soek, in navolging van Sokrates wat gesê het kennis is deug, terwyl die ander opvoedkundiges weer die ontwikkeling van die selfstandige en kritiese denkvermoë van die mens as sy enigste hoop op 'n beter mens en 'n beter wêreldorde deklameer, hier weer in navolging van Aristoteles wat geglo het dat die mens in sy denke, d.w.s. in sy kontemplasie, die naaste aan God kom.

Maar wat 'n mens verder opval in die opvoedingsfilosofie van hierdie ganse heerskaar van sekulêre denkers en skrywers, is die ooreenstemming wat daar op een besondere punt in hulle mensbeskouing of antropologie bestaan, hoeseer dit ook al in ander opsigte verskil. Dit is naamlik in hulle siening van die mens as 'n kwaadvrye, smetlose, sondelose wese. Ja goed, sal hulle toegee, daar is so iets soos kwaad in die lewe, maar die oorsprong van kwaad setel nie in die mens nie, altans nie in sy gees of in sy rede nie. Nee, dit setel in die liggaam of sogenaamde „laer natuur" van die mens, soos die idealiste beweer; of anders setel dit in een of ander instelling soos die ou soort skole wat die kind nie leer dink nie, soos die naturalisme by monde van John Dewey en die eksperimentaliste beweer; of nog anders setel dit in die kapitalistiese stelsel, soos die Kommuniste beweer. Die mens met sy foutlose, smetlose, vlekvrye rede!

Daar het u nou die basiese uitgangspunt van en die deurlopende tema in alle opvoedingsfilosofieë — in almal behalwe een: die Calvinistiese. 'n Mens sou graag hier wou sê in almal behalwe die Christelike. Maar selfs dit is ook nie moontlik nie, want soos u wel weet, is minstens die idee van die foutlose rede van die mens deur al die eeue nog steeds deel van die dogma van die Rooms-Katolieke Kerk, omdat volgens hierdie dogma die menslike rede onaangetas en onbesoedel is deur die sondeval.

Nou spreek dit immers vanself dat, wanneer 'n mens uit-

gaan van hierdie so-wit-soos-sneeu mensbeskouing, die karakterontwikkeling van die kind 'n heel, heel eenvoudige saak is. Want as die kind nou geen kwaad in hom dra nie, van nature geen neiging tot die sonde het nie, en as hy daarbenewens beskik oor 'n foutlose, smetlose rede, die ontwikkeling waarvan die absolute en volkome waarborg bied dat hy noodwendig 'n ewe smetlose karakter sal openbaar, dan is sy karakterontwikkeling mos enkel en alleen 'n saak van verstandsontwikkeling. Niks meer nie. Wat meer is, dan het jy daarmee tegelyk ook die waarborg vir die uitwissing van alle kwaad, van alle euwels wat die mensdom bedreig.

Laat ons nou ruiterlik erken dat hierdie denkers die pluimpie verdien van minstens konsekwent te wees in hulle redenasie. Op grond van hulle humanistiese uitgangspunt verabsoluteer en vergoddelik hulle die menslike rede as die enigste herskeppende mag in die kosmos; gevolglik beskou hulle die menslike rede as die opperste waarde op hulle rangleer van waardes, en juis daarom is die ontwikkeling van die kind se verstand vir hulle heel logies die hoofdoel van die opvoeding. Hierdie direkte verband tussen opperste waarde en hoogste opvoedingsdoel is tog seker wat 'n mens met reg kan verwag.

Maar is *ons* nou ook konsekwent as ons dieselfde opvoedingsdoel nastreef? *Is* ons, terwyl ons met beslistheid die menslike rede as opperste waarde verwerp en op grond van Gods Woord liefde as die opperste waarde aanvaar en verkondig?

Nee, die Calvinis het geen ander keuse nie as om liefde ook as die hoofdoel van die opvoeding te aanvaar. En dit beteken, let wel, dat ons ook in die skool, en nie net in die huis en kerk nie, karakterontwikkeling bo verstandsontwikkeling moet stel. Want dít wat ons die goeie karakter noem, dít wat ons die karaktervolle persoon noem, wat is dit anders as die persoon wat die vrugte van die liefde in sy lewe vergestalt en openbaar? Dis immers die liefde, en nie kennis of denke nie, wat die moeder is van alle deugde, van al daardie waardes of beginsels wat as 't ware die boustene is van karakter.

Natuurlik is dit so dat kennis 'n weg is tot die liefde, 'n voorwaarde is vir die wekking van die liefde. Juis daarom is die Calvinis geen vyand van die rede of van die prestasies van die menslike rede soos verteenwoordig in die wetenskappe nie. Hoe kan hy wees? Die menslike rede is tog immers 'n gawe van God wat steeds ontwikkel moet word, waarsonder die mens

nie sy Goddelike kultuuropdrag kan uitvoer nie, waarsonder hy geen wetenskap, die teologie inkluis, kan beoefen nie. Waarom sou die Christelike geloof dan ooit die wetenskap vrees? Wetenskap wat suiwere wetenskap bly, en geloof wat ware geloof bly, staan tog immers albei in diens van die één en ondeelbare Waarheid, en kan derhalwe onmoontlik in stryd met mekaar wees.

Maar waarteen die Calvinis wel die stryd voer, waarteen hy trouens onophoudelik móét stry, is teen die rasionalisme of intellektualisme, d.w.s. teen die verabsolutering of vergoddeliking van die menslike rede of intellek. En nou is dit juis hierdie euwel wat hom in ons skole manifesteer wanneer die suiwer verstandelike prestasies van die leerling tot dié opvoedkundige norm verhef word en wanneer kennis bloot ter wille van kennis nagejaag word.

Nou neem ek aan dat dit nie vir my nodig is om die waarheid van hierdie stelling te bewys nie. Die feit dat ons skole in die algemeen in die teken staan van wat een skrywer heel gepas en raak tipeer het as ons „opgeskroefde onderwys", is seer sekerlik bekend aan elkeen wat ons skoolwese eerstehands van binne ken.

Natuurlik weet ons dat daar in ons skole ook praktiese omstandighede is wat hierdie wanperspektief, hierdie oormatige beklemtoning van onderwys ten koste van opvoeding, in die hand werk. Kortliks kom dit daarop neer dat die karakterontwikkeling van die kind nie meetbaar en kwantifiseerbaar is nie, terwyl dit wel die geval is met sy vordering op die onderwys, sodat laasgenoemde meer opvallend is en gevolglik heel gerieflik as norm vir die algehele geestelike ontwikkeling van die kind aangewend word.

Maar juis daarom, juis omdat ons voortdurend die stryd moet voer, aan die een kant teen hierdie vervlakkende tendens in ons skoolpraktyk, en aan die ander kant teen die blatante intellektualisme van alle nie-Calvinistiese opvoedingsfilosofieë, juis daarom moet ons ons opvoedingsdoel des te sterker stel en verkondig. So nie, dan is die Calvinistiese opvoedingsfilosofie maar net nog 'n gewone opvoedingsfilosofie soos al die ander, dan verloën ons sy spesifieke onderskeidingskenmerk: sy ewigheidsperspektief. Want is dit nie so dat die mens sonder die liefde bloot 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal is nie? En is dit nie so dat alle kennis tot niet gaan nie? Dat dit die liefde is wat nimmermeer vergaan nie?

Per slot van sake, wat kán jy in die opvoeding meer verwag, wat meer kán jy hoop om in die opvoeding van die kind te bereik as om by hom liefde te wek? In die eerste plek liefde vir God en vir sy Woord, asook liefde vir sy medemens; in die tweede plek liefde vir die natuur en die kultuur, soos verteenwoordig in die verskillende skoolvakke; en derdens liefde vir die arbeid. En wanneer jy dít gedoen het, het jy die kind dan nie juis voorsien van die sterkste aansporing of motivering tot selfstandige, volgehoue en vrugbare lering en studie nie?

Tot sover nou oor die een groot leemte in ons Calvinistiese opvoedingsfilosofie. Kortweg kom dit daarop neer dat ons versuim om in ons opvoedkundige denke die lyn konsekwent deur te trek van dít wat ons as ons hoogste waarde erken, nl. liefde, tot dít wat logies noodwendig ons hoogste opvoedingsdoel behoort te wees, nl. karakterontwikkeling.

Maar kom ons kyk nou bietjie na ons opvoedingspraktyk. Op stuk van sake staan elke opvoedingsfilosofie voor 'n praktiese toets. Is dit gefundeer in 'n antropologie wat handel oor die werklike mens wat die aarde bewandel? Slaag dit daarin om deur te dring tot die kern van die opvoedingsdaad, sodat dit sinvolle uitspraak kan lewer oor wat die opvoeding werklik is, oor wat die opgevoede mens werklik is? Dring dit deur tot die praktyk? Bevrug dit die praktyk? Immers, ook hierdie boom sal jy aan sy vrugte ken.

In antwoord op hierdie vrae moet ons nou eerstens erken dat daar baie stof tot dankbaarheid is vir die opvoedingswerk wat daar oor die algemeen in ons huise en skole gedoen word. Ongetwyfeld sal elke persoon wat in noue verbintenis met ons Afrikanerjeug werk en lewe die mening onderskrywe, nog onlangs weer uitgespreek deur prof. Rautenbach, dat die hedendaagse Afrikaanse student geen slegter mens is as sy voorganger van 'n 20 of 30 jaar gelede nie. Dis veilig om te beweer dat daar onder ons Afrikaanse jeug 'n groot en invloedryke kern is van koersvaste, konserwatiewe burgers van môre. En daarmee maak ons 'n erkentlike buiging aan hulle opvoeders.

Ja, ten spyte van ons opgeskroefde onderwys, ten spyte van die rustelose gees van eksamendressuur, van slaafse navolging van die leergange, van jagmakery op eksamenpunte, en ten spyte van die onsalige wedywering tussen kind en kind, tussen onderwyser en onderwyser en tussen skool en skool op 'n gebied waar wedywering juis onregverdig is, is daar in

ons skole nog steeds onderwysers wat ware opvoeders is — deesdae byna 'n erenaam omdat hulle so skaars is. Dit is daardie manne en vroue wat deur hulle persoonlike voorbeeld die kind blywend besiel, veredel en bemoedig, hoofsaaklik omdat hulle die kind bo die vak stel; wat deur hulle liefde daarin slaag om liefde by die kind te wek, en wat dusdoende sonder ophef en sonder reklame aldeur besig is om op die akker van die kindersiel te delf vir die suiwerste goud: karakteradel. Vra maar enige student, enige skoolverlater — dis hierdie opvoeder-onderwyser wat die blywendste invloed op hom uitgeoefen het, van wie hy sy lewe lank dankbare herinnerings sal koester. Hierdie opvoeders is die sierade van ons professie, die stille werkers wie se dienste nie in terme van geld bereken kan word nie.

Maar aan die ander kant is daar onder 'n seksie van ons Afrikanerjeug ook weer verontrustende tekens van ontaarding, van verwording, van sedelike verval, van geestelike verdwaaldheid, of hoe u dit ook al wil noem. Dit is daardie seuns en dogters van ons volk wat jy as groep kan saamvat onder die term verwaarloosde jeug. En dis hierdie groep jongmense, hierdie uitwas van ons moderne geïndustrialiseerde en verstedelikende samelewing, wat ons ernstige aandag verdien, juis ons wat in die opvoeding staan.

Want laat ons altyd onthou dat hierdie probleem, ofskoon dit as verskynsel sosiaal van aard is en daarom normaalweg in die studiegebied van die sosiologie val, wat sy oorsprong betref 'n suiwer opvoedelike aangeleentheid is en daarom met reg ons turksvy is.

Dit help ook nie dat ons ons probeer verontskuldig of dat ons ons van hierdie probleem dissosieer soos spreek in die houding van volwassenes wat aljimmers neerhalend en veroordelend verwys na die „moderne jeug" nie. So 'n houding dien nie alleen om die kloof tussen die geslag van gister en die geslag van môre te verbreed nie, maar dis daarby ook logies onverdedigbaar. Want as „die moderne jeug" sou omdraai en vra: O so! En wie het ons in die lewe gebring? En wie het ons gemaak wat ons is? — wat gaan hierdie volwasse veroordelaars dan sê? Daar sit per slot van sake 'n priemende waarheid in die grappie van die seuntjie wat, toe sy vader besig was om sy swak skoolrapport te lees, ewe wysneusig vra: Pa, wat dink Pa is nou eintlik my probleem: oorerwing of omgewing?

Nee, die moderne jeug is nie swakker mensemateriaal as dié van vorige geslagte nie. Niemand, niemand het nog ooit 'n saak uitgemaak vir biologiese degenerasie nie, altans nie in ons samelewing nie. En omdat dit so is, bly daar vir ons niks anders oor nie as om die opvoeding van die moderne jeug sterk onder die soeklig te stel en doodeerlik 'n antwoord te soek op die vraag of daar nie ook leemtes in ons opvoedingspraktyk bestaan nie.

Dis natuurlik 'n groot vraag hierdie, só groot dat dit as tema vir 'n hele konferensie kan dien. Maar binne die beperkte tydsbestek tot my beskikking, wil ek graag in antwoord op hierdie vraag kortliks die twee grootste leemtes aantoon wat daar m.i. in ons opvoedingpraktyk bestaan.

Die eerste is die wanbalans tussen gesag en vryheid, of, om dieselfde saak net anders te stel: die kwynende gesag van veral die ouers en die daaruit voortspruitende tekens van losbandigheid by ons Afrikaanse seuns en dogters. Ja goed, ons weet almal dat dit 'n verskynsel is wat so oud is soos die mensdom en een waarteen opvoedkundiges van alle eeue gewaarsku het. Maar het dit u al opgeval dat ons hier te doen het, nie alleen met 'n wêreldwye verskynsel nie, dog ook met een wat die indruk wek dat dit 'n beplande, uit eie kring georganiseerde opstand van die jeug is? Was daar al ooit 'n tydperk in die geskiedenis van ons beskawing dat die jeug so uitdagend, so brutaal standpunt ingeneem het teen die gevestigde gesagsinstansies van die samelewing? En die kreet . . . ? Meer vryheid! Meer regte!

Waarom hierdie opstand? Wat is die verklaring vir hierdie tipies moderne verskynsel?

Sonder om enigsins te wil voorgee dat dit die volledige antwoord hierop is, wil ek bondig, baie bondig op enkele faktore wys wat m.i. agter hierdie jeugrewolusie lê.

Dan moet ons begin by die hele proses van verstedeliking met al sy implikasies en komplikasies wat dit vir die moderne samelewing meegebring het. Ja, selfs ook in die R.S.A. is die gemiddelde gesin nie meer die plattelandse boeregesin nie, maar wel die stedelike gesin. En dis in hierdie gesin waar die vader minder van sy tyd saam met sy gesin, maar veral minder van sy tyd saam met sy kinders deurbring. Bloot in terme van tyd het hy dus minder geleentheid vir opvoedingswerk.

Daarbenewens het ons die tydvak van die werkende vrou betree. En laat ons geen illusies daaroor koester nie: hierdie

verskynsel het gekom om te bly. Ook die moeder van die gesin het dus veel minder tyd en kragte om aan haar kinders te wy. En juis omdat sy nog altyd die belangrikste opvoeder in die gemeenskap was en is, beteken dit net eenvoudig dat ons hier met 'n verlies sit wat vir die kind des te gevoeliger en vir die opvoeding des te gevaarliker is.

Maar ook dít is nog nie die einde van die storie nie. Want behalwe dat die skool met al sy sosiale, kulturele en sportbedrywighede beslag lê op die vryetyd van die kind, sorg ook die stedelike lewe met al sy afleidings en aanloklikhede dat ook die kind, net soos sy ouers, minder van sy dagtyd tuis kan deurbring.

Kortweg: die struktuur van die moderne stedelike gesin is veel losser as dié van die landelike gesin. Die gesagsfigure van die vader en moeder het meer na die agtergrond geskuif, en die kind word meer aan homself oorgelaat. Wat sy ouers aan gesag verloor het, het hy aan vryheid gewen, en dit veelal op 'n stadium dat hy nog nie verantwoordelik en volwasse genoeg is om hierdie vryheid konstruktief te kan gebruik nie.

'n Tweede faktor is dat hierdie stedelike jeugdiges 'n baie sterker en hegter subkultuurgroep vorm as die landelike jeugdiges. Dit is natuurlik veral waar van die adolessentejeug, wat in elk geval in die periode verkeer waar die kind besonder vatbaar is vir die suigkrag van die portuurgroep. Maar juis vanweë die bogenoemde losser gesinsverband, asmede vanweë die invloed van radio, film, pers- en tydskrifwese, het hierdie subkultuur aangegroei tot wat wesenlik 'n nuwe gesagsinstansie is en as sodanig 'n uitdaging, ja, selfs 'n bedreiging is vir ouerlike gesag. Want wat die maats dink, sê en doen, hoe hulle hulle hare kam, hoe hulle aantrek, hoe hulle hulle vrye tyd bestee — dit is nou al wat tel. En dan moet u ook nog onthou dat hierdie nuwe idees, hierdie nuwe modes en al hierdie verspottighede, nie hulle oorsprong by ons eie nog oorwegend konserwatiewe jeug het nie, maar inderdaad die oorwaaisels is uit ander liberalistiese oorde en lande waar die jeug reeds verdwaal is in hulle vryheid.

Laat ons laastens let op nog 'n faktor wat ouerlike gesag ondergrawe. Ook hierdie faktor is so oud soos die mensdom. Maar dis 'n faktor wat saamgaan met ekonomiese voorspoed soos ons volk tans belewe. Sy teelaarde is materialistiese welvaart wat die neiging het om die mens al hoe meer in te stel op materialistiese waardes soos sukses, rykdom en sosiale status.

Ek verwys naamlik na die verskynsel dat onveranderlike, ewige Christelike waardes soos eerlikheid, opregtheid, waarheidsliefde, nederigheid, mededeelsaamheid en gasvryheid ondergeskik gestel word aan die bogenoemde sekulêre waardes. Hier het ons waarde-subjektiwisme in sy praktiese, konkrete vorm. En waar ouers hulle hieraan skuldig maak, kan hulle hoegenaamd nie hoop en verwag om opvoedelike gesag oor hulle kinders te behou nie. Want daar is net een duursame, blywende grondslag vir opvoedelike gesag, en dit is ontsag vir die persoon van die opvoeder. Ontbreek dít, dan bly daar vir die kind niks anders oor nie as om sy respek vir alle geestelike gesagsinstansies te verloor en te konkludeer dat die hele lewe 'n bedrogspul is waaraan ook hy maar lustig kan meedoen, solank hy maar net uit die kloue van die wetlike gesag bly.

Hiermee het ek nou maar enkele oorsake aangedui wat na my mening verantwoordelik is vir hierdie misstand in ons opvoedingspraktyk. Elkeen van u sal seker ook nog ander oorsake kan noem. Maar onthou dat ons hier nog maar steeds besig is met 'n ontleding of diagnose van die probleem, en nie met sy oplossing nie. En dit is immers hoofsaak. Ons sal moet besin hoe ons as opvoeders hierdie wanverhouding tussen gesag en vryheid gaan bekamp voordat dit die afmetings en intensiteit aanneem wat dit in die meeste Westerse lande het. Wat kan ons *doen* i.v.m. hierdie euwel wat, as ons die tekens reg lees, 'n groeiende euwel is?

Alvorens ek my voorlesing afsluit met 'n persoonlike antwoord op hierdie vraag, wil ek net nog kortliks stilstaan by die ander leemte in ons opvoedingspraktyk waarvan ek hierbo melding gemaak het. En om dit juis kortliks te stel, gaan vir my 'n baie moeilike saak wees, veral ook omdat ek wat hierdie saak betref baie sterk oortuigings het.

Dit is naamlik die onwilligheid of onvermoë van ons kinders, sowel leerlinge as studente, om te werk. En met werk bedoel ek eerlike, harde, maar veral *selfstandige* akademiese arbeid. Waarlik, ons kinders word nie genoegsaam opgevoed tot arbeidslus en arbeidsliefde nie.

'n Mens kom dan eers tot 'n werklike besef van hierdie waarheid wanneer jy 'n vergelyking tref tussen die studiepatroon van leerlinge en studente in sekere Europese lande en dié van ons eie. En ek verwys nie nou na die sesdaagse akademiese week wat dáár algemeen in gebruik is nie. Dis seker ook 'n argument ter ondersteuning van die punt wat ek hier wil

beklemtoon, maar dis seer sekerlik nie hoofsaak nie.

Nee, die eintlike verskil lê in die erns en toewyding, oor die algemeen veel groter as hier by ons, waarmee studie dáár bejeën word. Op een of ander wyse, wat altans vir my nog nie duidelik is nie, slaag die onderwysers op skool daarin om die jeug reeds van vroeg af te lei tot selfstandige studiegewoontes.

Ek dink in dié verband altyd aan die uitlating van 'n bekende en goedgesinde Nederlandse opvoedkundige wat ons land enkele jare gelede besoek het. Hy het ons land deurreis, ons skole, kolleges en universiteite besoek. En toe iemand hom in 'n privaat geselskap versoek om sy eerlike en openhartige mening te lug oor ons onderwysinstellings en -gebruike, het hy peinsend en met huiwering begin deur te sê: Ja, julle het pragtige kinders in hierdie land. Sulke robuuste, sterk seuns en sulke lewenslustige, aantreklike dogters! En watter goeie sportmanne en -vroue is hulle nie! Maar... en hier het hy sy kop meewarig geskud, julle seuns en dogters moet nog leer om te werk...

Ken u wat in die onderwys staan hierdie verskynsel, hierdie tragiese verskynsel van seuns en dogters wat genoeg talente van die goeie Gewer ontvang het, maar wat dag na dag voortgaan om die talent van 'n goeie verstand in die sweetdoek te begrawe? Jy wat onderwyser is praat, jy probeer besiel, jy probeer vergesigte open, jy spoor aan, jy raas, jy straf... maar al wat hulle doen is sit, en nogmaals sit.

Dink daaraan hoeveel mense daar op die bodem van ons vaderland rondloop, mense met goeie en sommige selfs met uitmuntende gawes van verstand, maar mense wie se bydrae tot die gemeenskap en tot die oplossing van die probleme van gemeenskap en volk ver benede hulle potensialiteit is. Ja goed, hulle verrig wat van hulle verwag word, hulle verdien hulle daaglikse brood, maar dis ook al.

Dit bring ons weer eens by die vraag wat nou eintlik die verklaring vir hierdie so hoogs ontmoedigende verskynsel is? Wat sit agter hierdie akademiese luiheid van ons jeug? En hoe moet ons te werk gaan om hierdie probleem op te los?

Ek huiwer weer voor die grootsheid van die hele vraagstuk. Maar juis omdat dit vir my dié groot vraagstuk in ons skoolwese is en ek al jare lank daarmee worstel, wil ek tog enkele gedagtes as uitkoms van hierdie worsteling in u midde lê. En ek gaan dit bondigheidsonthalwe puntsgewys doen.

1. Oor die algemeen is ons didaktiese benadering outyds

en ondoeltreffend. Ons hou nog maar steeds aan met die praktyk om die kind te wil leer, in stede daarvan dat ons hom lei om self te leer. Wanneer ons met mekaar saampraat en konfereer, dan veroordeel en verdoem ons eenparig die argaïse lepelvoermetode, maar in die praktyk word hy nog maar klakkeloos toegepas.

Neem hier as voorbeeld die handboekmetode. Daar bestaan tans in bykans elke hoërskoolvak een of meer geskikte handboeke. En let wel: hierdie handboeke is geskryf vir die *kind* en nie vir die onderwyser nie. Die hele bedoeling daarmee is dat die *leerling* dit moet deurwerk. Maar wat gebeur nou in die praktyk? Nee, die onderwyser gebruik dit self as handboek waaruit hy sy lesse aanbied. Hy verduidelik en verklaar alles, en so beroof hy sy leerlinge van die geleentheid om selfstandig te werk, om desnoods die leerstof op eie pote te deurworstel.

Dis verder ook geen geheim nie dat daar nog talle onderwysers is, veral in taalvakke en geskiedenis, wat self eksamenvrae vir hulle matrikulante uitwerk, dit laat afrol en uitdeel onder hulle leerlinge. Al wat die leerling moet doen, is net om dit te memoriseer.

Is dit nou in die lig van hierdie gebruike nodig om ver en diep te gaan soek na die oorsaak van daardie nasionale euwel in ons land: die hoë druipsyfer van eerstejaars aan ons universiteite? Klaarblyklik, heel klaarblyklik is die produkte van ons skole nie selfstandig, verantwoordelik en geestelik ryp genoeg om hulle aan te pas by die selfstandiger studiemetodes wat ons tersiêre onderwysinrigtings van hulle verwag, en ook met reg van hulle kán verwag nie.

2. Daar is sonder enige twyfel 'n verband, 'n noue verband tussen wat ons voorheen genoem het ons opgeskroefde onderwys en alles wat dit impliseer, en andersyds hierdie versuim om ons kinders op te voed tot arbeidslus en arbeidsliefde. Want waar parate eksamenfeite, en dít waarmee jy dit meet, nl. eksamenpunte, hoofsaak is, gaan die onderwyser noodgedwonge geneig wees om kortpad-metodes te volg na eksamenpunte. Hy gaan afrig vir die eksamen, hy gaan dresseer, hy gaan laat memoriseer. Dis minder tydrowend, dit bring hom gouer by sy doel. Waarom dan sy tyd mors deur die kind geduldig te lei tot selfstandige ondersoek, selfstandige denke en selfstandige studiemetodes?

Om kort te gaan — dis nodig dat ons eers weer rustig gaan nadink oor hoe jy in die onderwys te werk moet gaan om

by die kind liefde vir 'n skoolvak en liefde en lus vir studie in daardie skoolvak te wek. Want weer eens — meer as dit kan jy nie bereik nie. En wanneer ons ons in hierdie saak deur empiriese ondersoek laat lei, dan sal ons vind dat dit die besielende opvoeder onder die onderwysers is wat daarin slaag om die kinders voor hom aan te spoor, nie net tot harde arbeid nie, maar tot lekker, harde arbeid.

3. Ons sit wat hierdie hele probleem betref vasgevang in 'n kwaadaardige kringloop. Dit begin by die skool waar die kind met die lepel gevoer word, dit word voortgesit by die inrigtings vir onderwysersopleiding, waar die dosente ook maar weer produkte is van dieselfde skool, en so eindig dit ook maar weer by die skool.

Dit bring ons by die vraag: Waar moet ons die kringloop deurbreek?

In dié verband moet ons die nuwe beleid van die T.O.D. met sy projekskole as 'n moedige stap verwelkom. Dis seer sekerlik 'n stap in die regte rigting.

Maar persoonlik voel ek dat ons inrigtings vir onderwysersopleiding die mees strategiese punt is om 'n deurbraak te bewerkstellig. Ons moet 'n nuwe geslag onderwysers kweek, onderwysers met 'n nuwe didaktiese instelling, met 'n nuwe opvoedkundige perspektief. En die beste manier om dit te doen, is om drasties te breek met die ou stelsel en die onus vir studie vierkantig op die skouers van die student te lê. Daar is per slot van sake net een goeie ou manier om 'n kind op te voed tot verantwoordelikheid, en dit is om hom met verantwoordelikheid te belas.

Ja goed, so 'n verandering sal nie sonder sy kreune en steune geskied nie. Dit sal gewis meebring dat 'n paar van die mees onverantwoordelike studente aangesê sal moet word om hulle goedjies te pak en die kampus te verlaat. Maar daarna sal jy rus en vrede hê, en op die koop toe veel, veel beter toegeruste onderwysers uitstuur om hierdie nuwe benadering uit te dra in ons skole.

4. Hou hierdie probleem van die akademiese luiheid van ons kinders nie dalk verband met ons nie-blanke probleem nie? Het die nie-blanke vraagstuk, afgesien van sy politieke, ekonomiese, maatskaplike, internasionale of watter ander implikasies ook al, nie ook sy opvoedelike implikasies nie? Die nie-blanke bediendes van ons — in welke mate belemmer hulle ons in ons ouerlike opvoedingstaak? En is die probleem van akade-

miese luiheid nie dalk verwant aan die probleem van algemene luiheid en werkskuheid nie?

Soos u sal merk, kom ek hier met vrae en nie met stellings en oortuigings nie. Maar tog wil ek een oortuiging hier stel, en dit is dat ons volk hier in die R.S.A., juis ons, indien dit ons erns is met die beleid van afsonderlike ontwikkeling, dit allermins kan nalaat om ons kinders op te voed tot die regte arbeidsgesindheid. Die ouer en skool wat dít nalaat, benadeel nie alleen die geestesontwikkeling van die kind nie, maar is tewens boonop ook nog skuldig aan ernstige nasionale pligsversuim.

Laat ons ons kinders leer om te werk, ook met die hande te werk. Arbeid is 'n opdrag van God aan die mens. En as karakter ons hoofdoel in die opvoeding is, soos dit behoort te wees, dan kan ons hierdie doel alleen verwesenlik in soverre ons as opvoeders gehoorsaam is aan hierdie opdrag.

Tot sover nou oor die twee groot leemtes of misstande wat daar myns insiens in ons opvoedingspraktyk bestaan. Maar daarby kan ons dit nie laat nie. Probleme is daar om opgelos te word. En daarom wil ek afsluit met 'n paar gedagtes of voorstelle oor hoe ons hierdie en ander misstande kan bekamp. Watter weë en middele lê ons voor die hand om by ons volk die erns van die opvoeding te beklemtoon asook om meer kennis en kundigheid dienaangaande te versprei?

In hierdie verband wil ek graag die volgende drie voorstelle aan u voorlê vir oorweging.

Ten eerste wil ek pleit vir die oprigting van gesinsklinieke waar deskundiges daadwerklik behulpsaam kan wees met die bestudering en oplossing van gesinsprobleme van allerlei aard.

Dit is per slot van sake nie 'n nuwe gedagte nie, maar wel 'n nuwe vorm van maatskaplike inrigtings wat wel reeds bestaan. Want die gedagte hieragter is dat dit 'n kombinasie is van die reeds bekende huweliksklinieke en die kinderopleiding- of pedagogiese klinieke.

Nou moet ek hier weer aanneem dat dit vir my geensins nodig is om oor die bestaansreg vir kinderleidingsklinieke te praat nie. Want inderwaarheid het hierdie soort inrigting onontbeerlik geword in ons moderne stedelike gemeenskap. Dit word bewys deur die feit dat dié wat daar wel reeds in ons stede bestaan, soveel werk op hulle hande het dat jy in die reël maande moet wag vir 'n afspraak. Ons kan eenvoudig nie meer sonder hierdie soort inrigting klaarkom nie. Ons is dit

verskuldig aan die groeiende getal verwaarloosde kinders in ons midde.

Maar onthou verder dat elke verwaarloosde kind dui op 'n verwaarlosende ouer. En die rede hiervoor is al te dikwels 'n ongelukkige huwelik. Dit is die basiese verhouding in enige gemeenskap. Waar hierdie verhouding skeef loop, kan die kind onmoontlik 'n goeie opvoeding ontvang en is hy dan ook konsekwent die lydende party. Dit het ek oor en oor beleef in my sestienjarige ervaring as huweliksberader aan die huwelikskliniek van Pretoria.

Ons mag as Christelike volk nie onverskillig staan teenoor die ontstellende waarheid dat ons egskeidingsyfer van die hoogste in die wêreld is nie. Ons mag nie, nie alleen ter wille van die lydende kind nie, maar veral ook omdat u en ek as Christene getrou moet wees aan ons belydenis dat ons ons broer se hoeder is — ja, ook die hoeder van daardie struikelende, wankelende egpaar. En op stuk van sake is ook hulle probleem 'n opvoedingsprobleem, beide wat sy oorsprong en wat sy implikasies betref.

U sal begryp dat hierdie skeiding tussen huweliks- en opvoedingsprobleme, tussen huweliksklinieke en kinderleidingsklinieke, op die keper beskou eintlik maar net 'n akademiese, kunsmatige skeiding is. Die gesin is altyd 'n geestelike eenheid; wat die een lid raak, raak ook die ander. En juis daarom moet ons, indien ons deeglik te werk wil gaan, elke gesinsprobleem altyd binne hierdie eenheidsverband benader, ondersoek en behandel.

Ja goed, sal u op hierdie stadium miskien sê, maar wie moet nou eintlik hierdie gesinsklinieke oprig? Wie? En waar?

Ek is bly dat ek my vandag hier op die kampus van hierdie Universiteit bevind. Want ofskoon met die nodige huiwering, omdat ek 'n buitestaander is, en tog ook met die nodige vrymoedigheid, omdat ek 'n oud-student is, wil ek hierop vra: En waarom nie hierdie Universiteit nie? Het u dan nie juis hier die sametrekking van al die soort geleerdes wat benodig word vir die bemanning van so 'n gesinskliniek nie? Al die sielkundiges, sosioloë, opvoedkundiges, regsgeleerdes, ekonome? En is dit nodig om al die akademiese voordele van so 'n onderneming te noem? Hoe dat so 'n kliniek 'n onuitputlike bron is van mensekennis vir alle geleerdes op die gebied van die menswetenskappe? Hoe dat dit hulle in die geleentheid stel om nie met probleme wat uit die teksboeke nie, maar met

warm-uit-die-oond probleme uit die ryke lewenspraktyk te worstel? En hoe dat juis dit hulle verder sal bevrug en verryk om soveel beter akademici en leermeesters te wees?

Die doel met so 'n kliniek is natuurlik hoofsaaklik remediërend, terapeuties. Dit moet dien as hawe vir die herstel van gesinsverhoudings, as vulstasie vir diegene wie se geestelike voorraad aan lewensmoed, geloof, volharding, begrip en vertroue op die pad van die lewe opgeraak het. Sodanige maatskaplike diens is onontbeerlik.

Maar hierdie diens moet vanselfsprekend van die ander kant af aangevul word deur 'n program van voorligting, van opvoeding, van ouerlike opvoeding, van volwassene-opvoeding. En hoe onontbeerlik juis dít is, word bewys deur die feit dat daar deesdae geen enkele Westerse land is waarin daar nie, in een of ander vorm, so 'n program van volwassene-opvoeding bestaan nie.

Nou wil ek nie hier kritiek lewer op ons eie staatsgeinisieerde en staatsbeheerde program van hierdie aard nie. Maar omdat ek self etlike jare lank belas was met die uitvoering van hierdie program en gevolglik eerstehandse kennis dra van die interne probleme daarvan, wil ek dit tog as my oortuiging stel dat daar van die staanspoor een groot fout gemaak is. En dit is naamlik dat ons eie program van volwassene-opvoeding nie aan ons universiteite gekoppel is nie. Sodoende sou jy 'n klomp probleme uitgeskakel het en 'n klomp voordele bygehaal het soos, om maar net twee te noem, status en beskikbare lektore.

U begryp seker nou wat my tweede voorstel is. Ja, goed, ek erken dat so 'n voorstel in stryd is met veral die Angel-Saksiese opvatting en tradisie van wat 'n universiteit is. Maar dis seer sekerlik nie in stryd met die Christelike opvatting en tradisie nie. En in soverre ons huidige Regering hierdie tradisie vergestalt met sy uitwaartse beleid, is dit ook in ooreenstemming daarmee. Waarom, waarom kan 'n Christelike universiteit nie ook 'n volksuniversiteit in die breër sin van die woord wees nie?

Laat ons realisties wees: ons volk is nie 'n lesende volk nie, altans nog nie op hierdie stadium van sy ontwikkeling nie. Vir fiksie is daar in Afrikaans wel nog 'n afset, maar nie vir wetenskaplike of populêr-wetenskaplike publikasies nie. Ons kan dus nie hoop om nou reeds die breë lae van ons volk te bereik met so iets soos 'n tydskrif vir opvoeding nie.

Maar juis daarom, juis omdat die geskrewe woord so weinig vermag, juis daarom het ons geen ander keuse nie, staan ons voor die noodsaak om die opvoedingspraktyk in ons ouerhuise d.m.v. die gesproke woord te beïnvloed en te verryk. En die aanvraag vir hierdie diens ís daar, die behoeftes bestaan, die veld lê braak. Trouens, wie hierdie projek onderneem, sal vind dat hy in veral ons vroueverenigings soos die S.A.V.F., die V.L.U. en die Sustersverenigings van die Afrikaanse kerke, 'n geesdriftige bondgenoot en onmisbare medewerker het.

Natuurlik moet 'n mens hier ook dink aan die voordele wat so 'n uitwaartse beweging vir die universiteit self inhou. Die reklamewaarde daarvan is op sigself alreeds 'n onberekenbare dividend. En wat die lektore betref, hier sal hulle te doen hê met studente wat veel meer erkentlik en veel meer dankbaar is as die studente op die kampus — daardie eienaardige wesens wat mos alles weet behalwe dít waaroor hulle eksamen moet skryf!

'n Derde en laaste voorstel. Daar is vandag in ons land waarskynlik geen magtiger en invloedryker kommunikasiemedium as die radio nie. Dis seer sekerlik die medium deur middel waarvan die grootste persentasie van die bevolking bereik word.

Nou wil ek allereers sê dat ons Afrikanervolk niks anders as lof en waardering kan betuig vir die uitmuntende diens wat veral die Afrikaanse omroep lewer in die uitbouing van ons volkskultuur nie. En miskien sê ons dit te selde, te selde en te sag, veral ook in die lig van die kritiek wat die S.A.U.K. jaarliks teen hierdie tyd uit sekere oorde moet verduur.

Die voorstel wat ek hier gaan maak, moet dus nie vertolk word as kritiek nie, maar eerder as 'n suggestie vir beter diensbaarheid, en in dié geval diensbaarheid ten opsigte van 'n basiese en blywende behoefte wat daar in ons volkslewe bestaan. Trouens, dis dié basiese behoefte van enige gemeenskap, van enige volk. Hierdie behoefte is naamlik die behoefte aan 'n sterk, gesonde gesinslewe.

Natuurlik wil ek nou hier nie te kenne gee dat ons radiohoofde nie reeds bewus is van hierdie behoefte of ook dat hulle nie reeds daarin probeer voorsien nie. Nee, geensins nie. Maar waarvoor ek wel pleit, is dat hulle dit voortaan meer planmatig en meer doelgerig doen, soos byvoorbeeld deur die instelling van 'n gereelde program oor gesinsbou, net soos daar 'n gereelde weeklikse program is oor tuinbou. Want met die beste wil in die wêreld kan ek my nie voorstel dat die pestilen-

sies wat ons plantelewe bedreig ernstiger of gevaarliker is as die pestilensies wat ons gesinslewe bedreig nie.

Die opstelling en aanbieding van so 'n program, kan ons vanselfsprekend veilig laat in die bekwame hande van ons radiomense. Tog net nie 'n reeks dor-droë wetenskaplike lesings nie! Veral nie indien so 'n voordrag aangebied word in die esoteriese taal waarmee daar deesdae veral op die terrein van die opvoedkunde gekommunikeer en gedialogiseer word nie. Werklikwaar, die opvoedkunde verkeer in gevaar! Want die moontlikheid is sterk, nie alleen dat ons alle kontak met en invloed oor die opvoedingspraktyk gaan verloor nie, maar dat ons inderdaad aan bespotting blootgestel word, soos tewens reeds gebeur wanneer daar van 'n nuwe taal gepraat word — pedagogees!

Nee, dan liewer veeleer 'n simposium of samespreking oor gesins- en maatskaplike probleme. En al na gelang die aard van die besondere probleme wat tydens 'n uitsending behandel word — sielkundig, sosiologies, opvoedkundig, juridies, medies, huwelikskundig, godsdienstig — kan daar verskeie panele van deskundiges aan hierdie simposia deelneem, mits dit deskundiges is wat 'n oog het vir die praktiese en aktuele.

Ek sluit af, maar nie voordat ek twee dinge gedoen het nie.

Die eerste is om dankie te sê. Nogmaals dankie vir hierdie geleentheid waar ons as graduati van hierdie Christelike Universiteit saam kan besin en saam kan gesels oor daardie saak wat ons die naaste aan die hart lê en wat tewens aan die wortel lê van ons hele volksbestaan, naamlik die opvoeding van ons volk se kinders.

Die tweede is om te pleit — te pleit daarvoor dat juis ons Afrikaanse opvoedkundiges en opvoeders wat die Christelik-Nasionale lewensbeskouing in gemeen het, veel meer moet doen om ons invloed in die opvoedingspraktyk te laat deurwerk. As dosente en onderwysers aan die opvoedingsinrigtings van ons land is ons per slot van sake nie net verantwoordelik vir die studente en leerlinge wat voor ons sit nie, maar strek ons verantwoordelikheid inderdaad so ver as ons ver verlate vlaktes. Ons is mos geroepenes van God, en as sodanig is ons aan Hom verantwoording verskuldig vir die bevrugting en versterking van die hele linie van ons opvoedingsfront.

Mag hierdie geleentheid daartoe dien om ons opnuut te besiel met hierdie roeping en te staal vir hierdie verantwoordelikheid.

Pretoriase Onderwyserskollege. W. G. Pretorius.